

3 Junie - INWOON

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:6-14
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:14b

In die Ou Testament was die tabernakel en latere tempel simbool daarvan dat die Here onder sy volk wou woon. Ongelukkig het die Israeliete nie erns gemaak met hulle Here wat onder hulle wou woon nie. Hulle het Hom voortdurend bly ignoreer en hulle eie pad geloop.

Daarmee het hulle op 'n afgrond afgeloop en het die ballingskap oor hulle gekom. Die tempel is ook vernietig: simbolies is God se inwoning onder sy volk onttrek. Hulle het hulle God geïgnoreer, en Hy het Hom van hulle onttrek.

In sy Seun, Jesus Christus, het God weer onder ons kom woon (vgl. Joh 1:14). Na sy hemelvaart het Jesus ons sy Gees gestuur om steeds onder ons te woon. Ons doop is God se belofte aan ons dat Hy *deur sy Gees in ons wil woon* (vgl. Doopsformulier).

Nou is dit so dat, wie in 'n huis bly, bepaal hoe die huis lyk. Slordige mense het 'n slordige huis. Netjiese mense het 'n netjiese huis. Hoe lyk jou lewe?

Die Heilige Gees sit nie stil nie. As jy ag gee op die Heilige Gees wat in jou wil woon, sal sy vrug in jou lewe duidelik sigbaar word. As jy die Gees ignoreer, sal die werke van jou sondige natuur in jou lewe duidelik sigbaar bly.

Paulus moedig Timoteus aan om die evangelie met die krag van die Gees uit te leef. Wys jou uitleef van die evangelie dat die Gees in jou woon, of ignoreer jy die Gees?

As jy die inwoning deur die Gees in jou lewe ignoreer, wees gewaarsku deur die verhaal van die Ou Testament. As jy ag slaan op die Gees wat deur sy Woord in jou werk, weet jy jy het 'n God wat nie ver is nie, maar so naby is dat Hy in jou woon. Hy sal jou nooit alleen laat nie.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Dr JA Erasmus (Odendaalsrus)